27 Februarie 2022

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

2 Korintiërs 3:12-4:2

ons **storie** ys**breker**

Gesels oor hoe dit voel om te gaan vir 'n oogtoets.
Hoe voel dit wanneer die letters wat jy moet lees uiteindelik sigbaar en leesbaar raak.

word **stil**

Lees gerus Psalm 99 as gebed.

GOD se **storie** wat sê **die Bybel**

Lees saam
2 Korintiërs 3:12-4:2

Lees gerus die teks in meer as een vertaling.

GOD se **storie** **gesels** hieroor na

Mens sê soms: ek wens iemand se oë wil oopgaan sodat hulle kan sien wat aangaan.
Wat bedoel mens as jy dit sê:
a) Is die persoon van wie jy praat blind?
b) Is die persoon van wie jy praat net nie instaat om die waarheid / werklikheid raak te sien nie?

Hoe kan mens hierdie stelling van toepassing maak op hierdie gedeelte?

Somige mense in Korinte het nie raakgesien dat die Heilige Gees mense help om al meer soos Jesus te word nie. Om Sy beeld uit te straal. Die Gees maak mense heilig, nie die onderhouding van die wet nie.

Wat beteken dit om die beeld van Jesus te wees OF Sy heerlikheid te weerspieël?

God se Gees help ons hiermee.

Daar is ook iets wat ons kan doen.
Wat is dit wat ons kan doen sodat die beeld van Jesus helder deur ons sigbaar is? (2 Kor 4:1,2)

ons **nuwe storie**

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.
Verder en Voor:
Wat beteken dit vir jou dat God se Gees jou verander om die beeld van Jesus te verteenwoordig?
Hoe kan jy sorg dat Jesus se lig weerspieël / weerkaats word deur jou?
Is daar iets wat julle groep (saam) kan doen om Jesus se lig te weerkaats die week?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Bid vir mekaar.
Bid vir jouself.

Mag God se Gees ons al meer na Jesus se beeld verander.